

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

CHIPS

VOL 35 NO 01 • JANUARY / FEBRUARY 2021

BESPROEINGSBESTUUR VIR OPTIMALE AARTAPPELPRODUKSIE

Die ekonomiese
impak van 2020 op
varsproduktemarkte

MINIMUM WAGE INCREASE AND THE POTATO INDUSTRY

Oranjeville en Ceres
kultivar-evaluasies
onder die vergrootglas

Sebenzangamandla
on its way to reach
commercial status



Die ekonomiese impak van 2020 op varsproduktemarkte

Deur Pieter van Zyl en FP Coetzee

Die jaar 2020 was 'n stormagtige jaar in meer as een opsig. Covid-19 het beslis verander hoe ons dinge doen en ervaar. Maar het dit 'n beduidende impak op die varsproduktemarkte (VPM's) gehad? En watter ander faktore het hierdie markte beïnvloed?

Figuur 1 toon die verband tussen verkope op die VPM's en die gemiddelde jaarlikse reële markprys (die impak van inflasie word dus in ag geneem). Elke keer wanneer 'n groter oes bemark word, daal die reële prys, of andersom. Let op die groot verkoopsvolumes vir 2015, 2017, 2018 en 2019 wat met redelike lae reële pryse gepaardgegaan het.

Verlede jaar se daling in verkope op markte is as gevolg van meer direkte verkope tydens die begin van die grendeltyd, minder hektare wat in streke aangeplant is, asook 'n kouer winter wat met laer opbrengste gepaardgegaan het.

Dit is ook duidelik uit *Figuur 1* dat die reële prys oor tyd sywaarts beweeg. Markpryse klop dus nie

inflasie oor die lang termyn nie. Let egter op die stygende tendens in reële pryse vanaf 2015. Groter oeste word teen beter pryse verkoop. Dit gebeur uiteraard in jare wat die ekonomie nie veel groei toon nie en werkloosheidsyfers baie hoog is.

Stygende winter-voorraadvlakke

In *Figuur 2* word 2020 se daaglikse beskikbare voorraadvlakke (alle markte en alle klasse) vergelyk met die daaglikse gemiddelde prys (alle markte en alle klasse). Begin Januarie het pryse redelike hoë vlakke behaal, maar tot einde Februarie gedaal en tot begin Junie sywaarts beweeg. Let daarop dat die grendeltyd einde Maart begin het.

Groot voorraadvlakke word gewoonlik gedurende die winter ervaar wanneer die Oos-Vrystaat, Wes-Vrystaat, Noord-Kaap en later ook Limpopo in die mark is. Soos aangedui in blou (*Figuur 2*), is hoë voorraadvlakke gedurende Mei en begin Junie ervaar.

Die Oos-Vrystaatstreek het toe klaar aan 'n redelike groot


oes bemark. Pryse was gevolglik onder druk. In Junie het die Noord-Kaapstreek met 'n kleiner oes begin bemark en kort daarna Limpopo ook. Minder hektare is aangeplant en boonop het Limpopo laer opbrengste weens 'n kouer winter ervaar. Pryse het gevolglik tot Oktober 'n stygende tendens getoon.

Klimaatstoestande skaad gehalte


Figuur 3 dui op die weeklikse gemiddelde prys (alle markte en alle klasse). Soos reeds genoem, het pryse tot Oktober opwaartse druk ervaar, hoofsaaklik weens laer verkoopsvolumes. Swakker gehalte produkte wat die gevolg van klimaatstoestande was, het afwaartse druk op pryse begin plaas. Groter volumes het eers later in Oktober begin realiseer.

Figuur 4 dui die gemiddelde prys van die hoogste 10% van alle transaksies aan vir Klas 1 Medium-aartappels versus die gemiddelde prys vir die laagste 10% van alle transaksies op die Johannesburgse mark aan.


Figuur 1: Verhouding tussen volume verkope op markte en die gemiddelde jaarlikse reële prys.



Figuur 2: RSA daaglikse (alle klasse en alle markte) – Prys vs. beskikbare voorraad vir 2020.



Figuur 3: Weeklikse gemiddelde prys – alle markte en alle klasse.



Klas 1 Medium se gemiddelde prys het tot begin Junie sywaarts beweeg, vanwaar dit verder tot einde Oktober gestyg het. Die aanvang van die grendeltyd het dus nie 'n impak op Klas 1 Medium se pryse gehad nie. Klas 1 Medium

maak 40 tot 45% van alle verkope op markte uit.

Verkope styg sedert grendeltyd
Maandelikse verkoopsvolumes op markte word in *Figuur 5* aangedui. Gedurende April en Mei het die



Oos-Vrystaat 'n redelike groot oes bemark. Die Wes-Vrystaat het weer tussen April en September min of meer dieselfde grootte oes as in 2019 bemark.

Die genoemde twee streke se verkope buite om markte het egter skerp gestyg, veral tydens die begin van die grendeltyd (April tot Junie). Na raming is daar gedurende hierdie tyd maklik twee tot drie miljoen sakkies meer buite om markte bemark.

Swakker gehalte produkte wat die gevolg van klimaatstoestande was, het afwaartse druk op pryse begin plaas. Groter volumes het eers later in Oktober begin realiseer.

Vanaf Junie tot Augustus het die Noord-Kaap 'n kleiner oes bemark, hoofsaaklik as gevolg van minder hektare wat aangeplant is. Tydens Julie tot Oktober het Limpopo weer 'n kleiner oes bemark, vir redes wat reeds genoem is.

Figuur 6 bevat 'n vergelyking van die grootste streke se verkope op VPM's vir 2020 en 2019. Limpopo het in 2020 die meeste aartappels verkoop met meer as 27 miljoen


Tabel 1: Voorsiening aan VPM's tydens die 2020-kalenderjaar.

| Nr. | Produksiestreek | Aantal sakkies (10 kg) | % van totaal | Gem. prys (R/10 kg) | Persentasie van lewerings by VPM's | | | |
|-----|------------------|------------------------|--------------|---------------------|------------------------------------|------------|------------|------------|
| | | | | | Klas 1 | Klas 2 | Klas 3 & 4 | Klas 1 M |
| 1 | Limpopo | 27 913 519 | 26% | 59.08 | 83% | 10% | 3% | 21% |
| 2 | Oos-Vrystaat | 17 058 278 | 16% | 33.74 | 70% | 21% | 8% | 16% |
| 3 | Wes-Vrystaat | 19 496 931 | 18% | 42.93 | 68% | 22% | 8% | 20% |
| 4 | Sandveld | 8 260 771 | 8% | 49.29 | 70% | 22% | 3% | 22% |
| 5 | Suidwes-Vrystaat | 7 211 337 | 7% | 41.18 | 77% | 14% | 6% | 20% |
| 6 | Noord-Kaap | 5 770 456 | 5% | 44.17 | 61% | 24% | 15% | 17% |
| 7 | KwaZulu-Natal | 6 305 590 | 6% | 42.87 | 73% | 18% | 8% | 17% |
| 8 | Noordwes | 6 574 500 | 6% | 42.25 | 79% | 10% | 7% | 18% |
| 9 | Gauteng | 2 798 858 | 3% | 38.67 | 86% | 9% | 3% | 29% |
| 10 | Noordoos-Kaap | 1 293 078 | 1% | 35.87 | 67% | 21% | 9% | 22% |
| 11 | Oos-Kaap | 1 308 876 | 1% | 46.13 | 67% | 21% | 10% | 22% |
| 12 | Mpumalanga | 1 341 652 | 1% | 37.52 | 70% | 25% | 4% | 14% |
| 13 | Ceres | 775 965 | 1% | 38.69 | 78% | 13% | 6% | 23% |
| 14 | Suidwes-Kaap | 134 819 | 0.1% | 46.01 | 81% | 15% | 2% | 24% |
| 15 | Suid-Kaap | 37 169 | 0.0% | 30.48 | 38% | 38% | 23% | 10% |
| 16 | Marble Hall | 3 062 | 0.0% | 38.83 | 51% | 39% | 11% | 5% |
| | Totaal | 106 284 861 | 100% | 45.84 | 77% | 17% | 6% | 20% |

Figuur 4: Johannesburg-mark: Top 10% vs. laagste 10% pryse – Klas 1 Medium.



Figuur 5: Maandelikse verkope op markte – 2018, 2019 en 2020.



sakkies – net meer as drie miljoen minder as 2019. Die Oos-Vrystaat het in 2020 sowat 430 000 sakkies meer op VPM's verkoop as in 2019.

Soos reeds genoem, is daar gedurende 2020 baie meer sakkies buite om markte bemark. Die Noord-Kaap het meer as twee miljoen sakkies minder op markte bemark as in 2019. Vir die 2020-kalenderjaar is byna nege miljoen sakkies minder as in 2019 op markte bemark.

Limpopo is top-ondersteuner

In Tabel 1 word die verskillende produksiestreke se verkope op die markte uiteengesit vir die 2020-kalenderjaar, hoewel sommige streke oor kalenderjare bemark. Dit is duidelik dat Limpopo die streek is wat die markte die meeste ondersteun. Die provinsie voorsien 26% van alle aartappels op die markte.

Limpopo is ook die grootste produksiestreek in terme van volumes en plant jaarliks meer as 11 000 ha onder aartappels, alles onder besproeiing. Sowat 60% van hul oes word na die VPM's gekanaliseer, terwyl die res plaaslik in die streek verkoop word. Aartappels word ook na verwerkingsmaatskappye gekanaliseer.

Limpopo stuur ook 'n groot persentasie Klas 1-aartappels na die markte, soos in Tabel 1 gereflekteer. In 2020 was 83% van hul aan-

Tabel 2: Verkope op VPM's tydens die 2020-kalenderjaar.

| Nr. | Varsprodukte markte | Aantal sakkies (10 kg) | % van totaal | Gem. prys (R/10 kg) | Persentasie van verkope/lowering | | | |
|-----|---------------------|------------------------|--------------|---------------------|----------------------------------|------------|------------|------------|
| | | | | | Klas 1 | Klas 2 | Klas 3 & 4 | Klas 1 M |
| 1 | Johannesburg | 42 544 062 | 40% | 45.98 | 82% | 14% | 4% | 20% |
| 2 | Pretoria | 19 820 625 | 19% | 46.18 | 76% | 18% | 6% | 18% |
| 3 | Durban | 10 091 008 | 9% | 44.67 | 76% | 14% | 10% | 24% |
| 4 | Kaapstad | 9 309 138 | 9% | 46.98 | 73% | 23% | 4% | 22% |
| 5 | Port Elizabeth | 2 295 075 | 2% | 45.28 | 69% | 22% | 9% | 21% |
| 6 | Springs | 4 667 566 | 4% | 45.15 | 73% | 18% | 9% | 17% |
| 7 | Pietermaritzburg | 3 212 085 | 3% | 40.80 | 63% | 27% | 10% | 17% |
| 8 | Klerksdorp | 3 099 574 | 3% | 44.71 | 68% | 23% | 9% | 17% |
| 9 | Oos-London | 3 046 157 | 3% | 48.43 | 77% | 16% | 7% | 24% |
| 10 | Bloemfontein | 2 826 394 | 3% | 46.95 | 70% | 21% | 8% | 18% |
| 11 | Mpumalanga | 689 856 | 1% | 52.19 | 77% | 21% | 3% | 8% |
| 12 | Welkom | 2 102 674 | 2% | 46.29 | 74% | 20% | 6% | 13% |
| 13 | Vereeniging | 955 748 | 1% | 41.94 | 72% | 22% | 7% | 15% |
| 14 | Witbank | 654 672 | 1% | 48.18 | 74% | 20% | 6% | 13% |
| 15 | Mbombela | 64 589 | 0.1% | 66.60 | 54% | 42% | 4% | 5% |
| 16 | George | 485 964 | 0.5% | 46.14 | 70% | 24% | 7% | 14% |
| 17 | Kimberley | 151 365 | 0.1% | 44.96 | 82% | 15% | 3% | 18% |
| 18 | Umtata | 268 309 | 0.3% | 33.94 | 40% | 32% | 28% | 9% |
| | Totaal | 106 284 861 | 100% | 45.84 | 77% | 17% | 6% | 20% |

bieding op die markte Klas 1 – feitlik dieselfde syfer as die vorige vyf jaar. Laasgenoemde is een van die redes waarom hulle jaar na jaar 'n goeie gemiddelde markprys realiseer.

Die impak van hoër pryse

Vanaf 2018 tot 2020 was Limpopo deel van die top drie streke wat die hoogste gemiddelde prys per sakkie gerealiseer het. In 2006 en 2010 was hulle gemiddelde prys per sakkie onder die nasionale gemiddeld, omrede hulle toe uitermatige groot oeste gerealiseer het

(saam met ander streke) en pryse dus onder druk was.

Hulle gemiddelde prys vir 2020 was bo die nasionale gemiddelde prys van R45.84 per sakkie. Tydens hul hoofseisoen lewer hulle maklik 70% van alle aartappels landswyd en is hulle dus eintlik 'prysbepalers'. Limpopo se produksiekoste is van die hoogste in die land, onder andere omdat hulle ver van markte af geleë is.

Die nasionale gemiddelde prys van R45,84 per 10 kg-sakkie vir 2020 is sowat R6,39 meer per sakkie as die

vorige jaar. In 2020 is sowat agt miljoen sakkies minder as in 2019 markte toe gestuur, vandaar die hoër prys.


Verkope van verskillende VPM's

In Tabel 2 word 18 VPM's se verkope van aartappels vir die 2020-kalenderjaar aangedui. Johannesburg verkoop die meeste, naamlik 40% van die aantal van sowat 106 miljoen sakkies vir die 2020-kalenderjaar.

In geheel gesien, beland na raming minder as 60% van alle tafelaartappels op die VPM's. Hierdie syfer daal oor die lang termyn en is rede tot kommer, aangesien die VPM's as 'prysbepalers' dien. Die vier grootste markte verkoop sowat 77% van alle aartappels wat na die markte gekanaliseer word.

Let ook op hul gemiddelde pryse, soos gerealiseer vir 2020. Gewoonlik verkoop Johannesburg nie net die meeste aartappels nie, maar realiseer ook van die hoogste gemiddelde prys. Let op die groot variasie in die onderskeie markte se gemiddelde prys.

Figuur 6: Verkope op VPM's vir 2019 vs. 2020 (ses grootste streke).



Vir meer inligting, kontak Pieter van Zyl op pieter@potatoes.co.za, of FP Coetzee op fpcoetzee@potatoes.co.za